
# Tussen Omdat En Sodat



## Kies Verantwoordelik

'n Sabbatsreis
saam met
Loutjie Meyer

# Vooraf

Ek het in my inleidende boekie, "*Slegs 'n Sabbatsreis - Die Begin*", bietjie meer vertel oor my reis – waar kom dit vandaan en wat is my doel daarmee. In genoemde agtergrondstudie het ek 'n klompie aspekte uitgelig wat ek dink belangrik is wanneer ons gaan stilsit met die bybel oopgeslaan voor ons:

- Ons kan die Woord net gedeeltelik verstaan
- Die mens is die kroon van God se skepping
- Ons moet die skrif Geestelik beoordeel
- God Leef buite tyd
- God is onveranderlik
- God is in beheer
- Verhoudings is vir God baie belangrik



Vervolgens het ek in my tweede boekie "*Van Tuinier tot Erfgenaam – Wees Anders*", 'n bietjie vertel oor God se roeping op ons as mens. Daarin het ek die gedagte uitgelig dat God van ons, as Sy kinders, verwag om anders te wees en te leef in die wêreld.

Met hierdie boekie nooi ek jou nou om met nog meer toewyding die Tuin van Eden te ervaar, en in Sy Teenwoordigheid, in Sy Rus, onder leiding van Sy Gees, beter keuses te maak;

een dag op 'n slag...

Slegs 'n sabbatsreis...

# Waaroor gaan ons gesels


1 Geloofskeuses....4

1.1 Omdat in die verlede....7

1.2 Sodat in die toekoms....8

1.3 Doen Vandag....9

2 Hoe kyk jy....10

2.1 Vernuwe jou sig....11

3 Hoe luister jy....12

3.1 Vernuwe jou gehoor....13

4 Hoe praat jy....14

4.1 Vernuwe jou woorde....15

5 Hoe werk jy....16

5.1 Vernuwe jou dade....17

6 Hoe dink jy....18

6.1 Vernuwe jou gedagtes....19

7 Leef nou in Sy Rus....20

8 Erkennings....21


---

*Vir inspirasie en musiekvideos:*

*Skakels na my Youtube kanaal*

# 1 Geloofskeuses

*"Gelukkig is die mens wat nie die raad van goddeloses volg,*


*nie op die pad van sondaars gaan staan*

*en nie in die byeenkoms van spotters sit nie,*

*maar wat vreugde vind in die wet van die Here*

*en sy wet dag en nag mymerend prewel."*

Psalm 1:1-2



In hierdie gedeelte van Psalm 1 vind ons vier werkwoorde wat op hulle eie boekdele kan spreek: Volg, Staan, Sit, Prewel.

Ek wil graag hierdie gedagte as vertrekpunt gebruik om te gesels oor ons keuses en reaksies, wat meestal gekoppel is aan ons omstandighede, en hoe dit van belang is in ons lewens.

As ons sou kyk na die boodskap van Psalm 1, dan vind ons dat dit hoofsaaklik vertel van een keuse wat ons as mens moet maak; om die Here te volg, of om Hom nie te volg nie. Nodeloos om te sê dat hierdie keuse dan sal lei tot baie spesifieke gevolge. Hierdie keuse word egter dikwels beïnvloed deur ons omstandighede, wat dan deur ons verdere keuses lei tot sekere reaksies, met gevolge wat goed is, of dalk minder goed. Verseker het ons nie altyd beheer oor ons omstandighede nie, maar ek is van mening dat ons keuses kan maak wat tot beter gevolge kan lei, en dalk tot ander omstandighede. Hiermee wil ek graag die hele Psalm 1 aanhaal, maar uit die ABA (Bybel vir almal, soos deur die SA Bybelgenootskap uitgegee):

*"1 Dit gaan goed met 'n mens*
*wat nie luister na mense wat verkeerd doen nie,*
*wat nie doen wat sondaars doen nie,*
*en wat nie saam spot wanneer mense sit en spot nie.*
*2 Dit gaan goed met 'n mens wat lief is*
*vir wat die Here sê,*
*'n mens wat elke dag en nag dink aan wat die Here sê.*
*3 So 'n mens sal wees soos 'n boom*
*wat langs 'n waterstroom groei,*
*'n boom wat vrugte dra op die regte tyd,*
*en wat blare het wat altyd groen is.*
*Dit gaan goed met alles wat hy doen.*
*4 Maar dit gaan nie so met mense*
*wat verkeerd doen nie.*
*Mense wat verkeerd doen, is soos kaf,*
*die wind waai hulle weg.*
*5 Daarom sal die mense wat verkeerd doen,*
*die sondaars,*
*nie kan kom by die Here,*
*die Regter, nie,*
*daar waar mense wat reg doen, bymekaar is.*
*6 Ja, die Here gaan saam*
*op die pad van die mense wat reg doen,*
*maar die pad van die mense wat verkeerd doen,*
*bring hulle by die dood."*


As ons die '*oproep tot keuse*' waarna hierdie Psalm verwys in oënskou neem, dan vind ons die volgende drie assosiasies (omstandighede):

- Luister na 'n sekere groep mense
- Doen soos 'n sekere groep mense
- Praat soos 'n sekere groep mense

Ek vermoed dat as ons die keuse waarmee die Psalm ons konfronteer ernstig wil opneem, sal ons vooraf reeds moet besluit hoe en met wie ons wil assosieer. Dit mag dalk daartoe lei dat van ons volgende keuses makliker kan wees, selfs beter en wyser kan wees, en uiteindelik sal uitloop op seën en vrug in ons lewens, asook die van andere.

In die boeke van Spreuke en Prediker, asook verder in die Psalms, lees ons baie oor die gedagte om nie in die kring van die spotters te sit nie, en om nie met dwase om te gaan nie. Ek reken dit het baie te make met wat ons by ons oë en ore laat ingaan (ons assosiasies), hoe en waaroor ons dan dink, wat by ons mond gaan uitkom, en dan ook hoe ons gaan optree.

Ek vermoed wat belangrik is hier, is die houding, of gesindheid, waarmee ons die lewe ingaan. As ek dit anders kan stel: hoe kyk ek na iets, of hoe luister ek na iets. Hierdie gesindheid wil ek dan verder vat tot 'n vraag na betekenis: wat ek sien, of wat ek hoor; wat beteken dit vir my, of watse waarde koppel ek daaraan. Die uitvloeisel hiervan kan wees 'n totale herinterpretasie van die omstandighede waarin ek myself mag bevind, wat uiteindelik kan lei tot 'n beter, wyser, of meer verantwoordelike keuse wanneer ek moet optree.



Vervolgens wil ek na 'n paar voorbeelde kyk wat die Here vir ons laat opteken het rakende die gedagtes van oorsaak en gevolg.

Daarna wil ek bietjie meer gesels oor die konteks en betekenis wat ons heg aan ons assosiasies in ons omstandighede - met watse bril kyk ek om my, en met watse bril wil God dalk hê moet ek om my kyk (geloofsbril). En dan - hoe sou God dalk eerder wil hê dat my keuses moet lyk.

## 1.1 Omdat in die verlede...

Ons lees in Deuteronomium 28:1-14, op die vooraand van die intog in die beloofde land, van die seëninge wat God aan Sy uitverkore volk belowe, indien hulle Hom sou gehoorsaam, en doen wat Hy vereis. In die daaropvolgende gedeelte [Deut 28:15-68] lees ons van die vervloeking waaronder die volk van God sou beland indien hulle nie aan Hom gehoorsaam sou wees, en aan Sy vereistes voldoen nie.

God se uitverkore volk, Sy eiendom, Sy mense, het Hy voor ‘n keuse gestel: Lewe of Dood.



Uit die geskiedenis het ons geleer dat die Israeliete toe nie so getrou, gehoorsaam of toegewy was aan God as wat hulle op daardie stadium beloof het nie. Hulle het telkemale swak gekies.

Derhalwe het God hulle periodies teruggeroep deur hulle omstandighede so te verander dat hulle hulle bekeer het, teruggedraai het, en Hom weer vir ‘n tyd gehoorsaam het.


Meeste van hierdie gebeure vind plaas in die beloofde land [Rig 2:14, 3:8, 3:12, 4:2, 6:1, 10:7, 13:1], waartydens die volk telkemale die rug op God gedraai het, en Hy hulle oorgegee het aan vyande, oorloë of verdrukking. Telkemale het hulle dan weens hierdie omstandighede om hulp geroep, God het uitkoms gestuur, en die volk het teruggekeer na God.

Later in die geskiedenis, in die koningstyd, lees ons ook dat die volk telkens afvallig geraak het [2 Kron 12:2, 21:16], maar waar God hulle telkemale weer gered het wanneer hulle in nederigheid en afhanklikheid na Hom terugkeer.

Daar was selfs geleenthede waarin God die volk se omstandighede verander het weens die oortredings van individue, byvoorbeeld Dawid se oortreding met Batseba.

## 1.2 Sodat in die toekoms...

Dit is nie God se eerste keuse om Sy mense te verdruk en beproef nie [Kl 3:33]; maar tog verwag Hy van hulle, en ook van ons, toewyding en gehoorsaamheid [Deut 8:2].



Soos ons gelees het van die seëninge wat God aan Sy uitverkore volk belowe het, herinner dit ons aan die beloftes wat Hy aan Abraham en sy nageslag gemaak het – ‘n land van melk en heuning, en rus [Deut 12:10, 26:9].

Uit die geskiedenis lees ons dan ook van Konings (spesifiek in Juda) wat wel gehoorsaam was aan God, en ten volle aan Hom toegewy was en op Hom vertrou het. God het Sy Woord gestand gedoen, en Sy beloftes nagekom [2 Kron 15:15, 17:5, 20:15]. God het hulle in die beloofde land geseën met rus tydens hierdie tydperke.

God bly soewerein. Ons kan Hom nie voorskryf, of manipuleer nie. Maar as ons na hierdie konings se keuses wat hulle gemaak het kyk, dan getuig dit van groter wysheid, en die volk het die vrug daarvan gepluk.

Vir my wys dat dat die gevolge van wyser keuses beter is as die gevolge van dwaser deuses.

## 1.3 Doen Vandag

Paulus vertel in 2 Kor 1:9 hoedat hulle baie swaar gekry het. Hulle omstandighede was moeilik, hulle het baie verdrukking ervaar, en hy het selfs gedink dat hulle gaan sterf. Hulle moes kies. God het hierdie omstandighede gebruik sodat hulle eerder op Hom sou vertrou as op hulleself – en verder dat dit opgeteken kan word sodat ook ons dit kan lees en daaruit kan leer, en bemoedig kan word. Ongeag jou omstandighede, kies eerder om God te vertrou as enigiets anders.



Dit bring ons tot by vandag [Heb 3:7, 3:15].

Hoe en wat moet ek leer uit die verlede, sodat die toekoms meer kan wees soos wat ek, of dalk God, dit graag sou wou sien?

Ek reken dat God dus ook ons omstandighede baie keer gebruik, sodat Hy ons kan lei of stuur in ‘n rigting wat tot ons beswil sal wees [Rom 8:28]. Ons omstandighede maak dat ons kies. Ons omstandighede waarin ons onsself bevind, is dus nodig en belangrik.

Ek dink ons sou selfs kon sê dat ons op die regte tyd op die regte plek is.

Net hier en nou !

Kies Verantwoordelik !

# 2 Hoe kyk jy

Met watse bril kyk ons om ons heen ?

Hoe sien ons God

Hoe sien ons onsself

Hoe sien ons ander mense

Hoe sien ons ons omstandighede



Hoogmoedig

Afkeurend

Vernederend

Beterweterig

Omkoopbaar

## 2.1 Vernuwe jou sig

Jesus het in Lukas 11:33-36 vertel van die lamp van die liggaam. Die oog is die lamp van die liggaam. As jou oog suiwer is, is jou liggaam verlig. Vir my lyk dat die vlak waartoe ons as gelowiges sal lig wees in ‘n donker wêreld, dus gaan afhang van hoe suiwer ons oog is – hoe skoon die bril is waarmee ons kyk.

Jesus begin hierdie verhaal met ‘n oproep tot ‘n suiwer lamp om lig te wees – nie versteek nie, maar op ‘n lampstaander, sodat mense kan sien. Vir my lyk dit dan asof die manier waarop ons kyk na die lewe, mense sal kan afstoot, of aantrek. Hierdie klink vir my na ‘n belangrike keuse.



Dit lyk vir my dan dat God wel ‘n bril het wat Hy graag wil hê ons moet dra.

Om Hom reg te sien, onsself reg te beskou, en andere reg te beleef, in omstandighede wat normaalweg buite ons beheer is, laat Hy dan vir ons die regte bril gee om mee te kyk.

Om beter te kan sien:

Nederigheid

Aanvaarding

Opbouend

Bemoedigend

Eerlik

# 3 Hoe luister jy

Met watse gesindheid luister ons ?

Hoe luister ons na God

Hoe luister ons na onsself

Hoe luister ons na ander mense

Hoe interpreteer ons ons omstandighede



Vooropgestelde idees

Luister gladnie


Reageer voor ons klaar gehoor het

## 3.1 Vernuwe jou gehoor

In Lukas 8:16-18 vertel Jesus ons ‘n soortgelyke verhaal van ‘n lamp. Hierdie lamp se vereistes en eienskappe is baie dieselfde aan die van Lukas 11:33-36. Moenie ‘n lamp opsteek en dan wegsteek nie, nee, plaas dit eerder op ‘n lampstaander dat mense die lig kan sien. Verder vertel Hy dat niks in die donker kan bly nie, en alles aan die lig sal kom.

Hierna raak Jesus weer die kern van die Lig aan: Let daarom op hoe julle luister. Wie met die regte gesindheid luister, sal meer ontvang, en wie nie reg luister nie, sal dit wat hy dink hy het, verloor. Kort daarna kwalifiseer Hy dit nog verder [Luk 8:21], en bepaal uitdruklik dat die wat die Woord hoor en doen, hulle is Sy moeder en Sy broers.

Vir my lyk dit dan asof die gesindheid waarmee ons die lewe nader, en die manier hoe ons luister, veral na God, onsself kan bou of breek. Hierdie klink vir my na ore wat moet luister.



Luister met ‘n oop gemoed

Luister met oop ore

Luister eers klaar, en reageer dan

# 4 Hoe praat jy

Met watse gesindheid open ons ons monde ?

Hoe praat ons met of oor God

Hoe praat ons met of oor onsself

Hoe praat ons met of oor ander mense

Hoe praat ons oor ons of ander se omstandighede



Onnadenkend

Negatief

Veroordelend

Manipulerend

Verkleinerend

Dood

## 4.1 Vernuwe jou woorde

In Matteus 15:1-20 het Jesus ‘n redelike lang en belangrike relaas oor die tradisievaste Jode. Hy vat hulle aan oor hulle tradisies, gewoontes en eie reëls wat hulle maak ten koste van andere. Aan die einde verklaar Hy aan Sy dissipels die belangrikheid van hoe ons praat. Gedagtes kom van die hart af, en dit wat die mens dus sê (en nie eetgewoontes nie), is dit wat hom onrein kan maak.

God se roeping hier is dus eerder dat die mooi dinge wat in die hart opkom, deur die mond na buite moet gaan, en ons as mens ons reinheid so voor God kan behou. Dit klink vir my asof hier beter gesprekke gevoer kan word.



Dink voor jy praat

Praat eerder positief

Praat opbouend

Praat eerbaar

Praat bemoedigend

Praat Lewe

# 5 Hoe werk jy

Met watse gesindheid en ywer doen ons ons dagtaak ?

Teenoor God

Vir onsself

Vir ander mense

Binne ons omstandighede



Om deur ander raakgesien te word

Selfsugtig

Lippediens

Traag

Onwillig

Slawedrywer

## 5.1 Vernuwe jou dade

Wanneer ons praat van geloofskeuses, en om na die wêreld te kyk deur ‘n geloofsbril, dan kan ons nie anders as om ook te praat van geloofsdade nie. Jakobus spreek hierdie gedagte van geloofsdade baie sterk aan [Jak 1:22, 2:18] – demonstreer jou geloof deur jou dade.

Hy neem die gedagte verder tot by die wysheid – ware wysheid, die wysheid van bo, word deur ons dade uitgebeeld [Jak 3:13]. Dit lyk vir my dus dat ons eerder ons geloof moet doen.



Wees diensbaar

Wees vrygewig

Wees toegewyd

Wees entoesiasties

Wees gewillig

Hanteer ander soos jy self hanteer wil word

# 6 Hoe dink jy


Met watse verwysingsraamwerk dink ons ?

Hoe dink ons oor God

Hoe dink ons oor onsself

Hoe dink ons oor ander mense

Hoe dink ons in en oor ons omstandighede



Selfregverdigend

Selfsugtig

Gierig

Moordadig

Haatdraend

Onkuis

## 6.1 Vernuwe jou gedagtes

In 2 Timoteus 3:16 herinner Paulus vir Timoteus daaraan dat die hele Skrif deur God geïnspireer is, en groot waarde het in opvoeding om God se wil te gehoorsaam. Dan gaan hy verder deur klem te plaas op die bekwaamheid en toerusting vir elke kind van God. Vir my lyk dit dus dat ons baie ywerig die hele bybel moet bestudeer.

In Romeine 12:2 vertel Paulus hoedat God ons oproep om ons denke te vernuwe. Dit gaan saam met die belofte dat Hy die vernuwing self sal hanteer. Paulus gaan ook verder in Efesiërs 6:11-18 deur klem te plaas daarop dat ons ook ons denke moet beskerm. Die wapenrusting wat hy van praat wat ons moet aantrek, se doel is daar om ons te laat staande bly in tye van aanslae. Tydens hierdie dae van onheil (dalk moeilike omstandighede), moet ons dus kan weerstand bied – deur te volhard in goeie keuses.



Paulus roep ons op om ons gedagtes te rig op die dinge wat daarbo is, dinge wat beter is [Fil 4:8].

Beter strewes is dan eerder:

Opregtheid

Mededeelsaamheid

Vrygewigheid

Vergifnis

Lankmoedigheid

Reinheid

# 7 Leef nou in Sy Rus



God het eerste gekies, en Hy het gekies tot ons voordeel. Hy het Sy Gees as Waarborg (vervulling van Sy beloftes), maar ook as Parakleet (Ondersteuner en Bemoediger) aan ons as Sy erfgename gegee [Ef 1:14; Joh 14:26].

God het klaar gekies, en hulp aangebied. Nou het Hy die keuse in ons hand geplaas:

- ‘n Keuse tot konstante aanvaarding van Sy vermaning, en om dan ‘n koers aanpassing te maak soos nodig [Spr 1:2-3, 1:23, 2:1-3, 3:1; Op 2:7].
- ‘n Keuse tot ware wysheid, insig, en kennis – ontsag vir die Here [Spr 1:7] – ‘n keuse om Hom te vertrou, om in Sy Rus in te gaan.

God roep ons tot beter en meer verantwoordelike keuses. Hy wil ons help. Hy wil hê dat ons moet lewe. Laat ons dan nie die Heilige Gees teenstaan deur aanhoudend dwaas te kies nie.

Nee, laat ons eerder die erfgename wees waartoe God ons geroep het; wees anders, wees priesters in Sy koninkryk, en Leef in Sy Teenwoordigheid [Op 20:6], in Sy Rus.

Kies Verantwoordelik !

Een keuse op ‘n slag...

# 8 Erkennings

Op my reis tot op hede het ek die bybel gelees in verskillende vertalings, en maak ek hier en daar van ander hulpbronne ook gebruik.

Ek het aanvanklik begin met die Afrikaanse vertaling van 1983, soos uitgegee deur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap, maar sedertdien oorbeweeg na die Afrikaanse vertaling van 2020, soos uitgegee deur die Suid Afrikaanse Bybelgenootskap. Meeste van my verwysings en moontlike aanhalings sal na die 2020 Afrikaanse vertaling van die Bybelgenootskap verwys.

Soms gebeur dit dat ek 'n spesifieke tema of bybelversie soek, en dan maak ek gebruik van die konkordansie funksie in die YouVersion bybelprogram op die internet. Hierdie toepassing gebruik ek dan op my selfoon.

Ek het al die vraag vir myself gevra, "*wat is in die oorspronklike teks geskryf?*" Dus het ek ook die behoefte ontwikkel om te kan verwys na die oorspronklike Griekse- of Hebreeuse teks wat deur die bybelvertalers gebruik is. Soos uitgegee op die internet deur HagiosTech, en as 'n toepassing op my foon afgelaai, gebruik ek so 'n interliniêre bybel wat my hierin kan bystaan.

In die metafoor van my tuinwandelings in Eden (of geloofsreis, of selfs lewensreis), gebeur dit dikwels dat ek soos 'n fotograaf moet optree.


Hiermee deel ek as fotograaf 'n klompie van my resultate (verskeie geneem met 'n kamera beweeg tegniek – Intentional Camera Movement).




*Plantasie naby Sabie*



*Arend in die Kruger Wildtuin*



*Toneel in Irene*



*Meeu in vlug (digitale legkaart)*



*Blou-aap in die Kruger Wildtuin*



*Hartenbos sonsondergang*



*Bote in Mosselbaai*




*Beelde by Sun City*



*Woude naby Knysna*




*Beelde by Sun City*



*Plantasie naby Pelgrims Rus*




*Buitehof by Lost City*



*Boomblare*



*Swembad by Sun City*



*Fietsryer op die strand*



*Blomkelk*



*Palmblare*



*Kruis gedrapeer met linne*

